



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

17 FEBRUARIE 2019

## GEMEENTEBULLETIN

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

### EREDIENSTE

#### 17 Februarie

#### 24 Februarie

#### Nagmaal

09:00	Kerk	Oggenddiens	Dr. Hanekom	1/2	Ds. Visagie	3
9:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Visagie	6/7	Ds. Breytenbach	8
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Philipp Dietmann	-
09:00	Grootaal	Nuwe lidmate	Ds. Breytenbach	-	Ds. Potgieter	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Breytenbach	-	Ds. Duvenhage	-
19:00	Kapel	Aanddiens	Mike van Deventer	12	Ds. Visagie	13

### BASAAR VRYDAG 1 MAART OM 16:00

**Vir die jongspan:** Springkastele, gesigverf en heliumge vulde ballonne en boonop 'n abseiltoring vir die diegene met senuwees van staal. 'n Prys vir die ouer-en-kind-span wat die hoogste kan klim, word ook uitgelooft.

**Te ete:** Vetkoek, roosterkoek, poeding, kerrie-en-rys, boereworsrolle, jafels, hamburgers, pannekoek, braaivleis en slaai, pizzas, wildsvleis word te ete aangebied. Wyn @ 'n donasie van R15 per glas of R50 per bottel en bier @ R25 per bottel word aangebied.

Betaling met kontant, kredietkaart, of SnapScan.

**Borg die basaar:** Ons is op soek na klein besighede wat bereid is om die basaar se onkoste te help borg. In ruil vir die borgskap kan jy jou besigheid d.m.v. plakkate, of baniere tydens die basaar op die kerkterrein adverteer. Jou besigheid se naam sal ook Maartmaand in die gemeentebulletin verskyn. Kontak Sanèl by sanel@stellenberg.co.za. Baie dankie aan **MILIEU EIENDOMME** wat reeds een van die basaar se borge is.

#### OGGENDDIENS

Hoe honger is ons regtig?  
Johannes 6

#### GESINSDIENS

Lig op verhoudings  
Lukas 10:25-37

#### BLOKDIENS VIR NUWE LIDMATE

Lig wat voed  
Johannes 6:1-40

#### JEUGDIENS

Lig wat voed  
Johannes 6:1-40

#### DEURKOLLEKTE Noot-vir-Noodfonds

Die fonds word gebruik om gesinne wat finansiële nood beleef tydelik te ondersteun. Vertroulikheid word ten alle koste gehandhaaf en aansoeke kan aan ds. Why Duvenhage gerig word.

# [ ON S L U I S T E R N A G O D ]

Bladsy 2

## JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Kleingroepe begin om 10:00 na afloop van die eredienste.
- GRAAD 6-EN-7-KAMP: Ons gaan vanaf 22 tot 24 Februarie saam kampeer by die Simonsberg-kampterrein in Stellenbosch. Aansoekvorms by [www.stellenberg.co.za](http://www.stellenberg.co.za) of by [sunet@stellenberg.co.za](mailto:sunet@stellenberg.co.za).
- SENIOR KLEINGROEPE: Jeugdiens begin om 18:00 met kleingroepe direk daarna.
- SENIORKLEINGROEPLIERS: Ontmoet om 17:30.
- BLISS: Vir studente en werkende jongmense. Sluit by ons aan op Sondag vanaf 16:15 tot 17:30 en Woensdagaande om 18:30. Nuwe lede is welkom. Kontak die jeugkantoor met navrae.
- JEUG-TOEP: Gaan na die *Google Play Store* of *Apple Store* en soek "Stellenberg". Laai die toepassing op jou foon af.

## FOKUSPROGRAM 7-21 APRIL

Ons nooi lidmate om 'n bydrae met die tema HOOP IN BEWEGING in die vorm van 'n tekening, skildery, skryfkuns, of 'n ontwerp vir die opkomende fokusprogram te skep.

Sluitingsdatum: 22 Maart. Ons wil graag die kunswerke tydens die fokusprogram uitstal. Navrae: Ds. René Potgieter, [rene@stellenberg.co.za](mailto:rene@stellenberg.co.za)

## LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Indien jy graag die Bulletin weekliks en die Samaritaan maandeliks op jou selfoon wil ontvang, *WhatsApp* asseblief jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720. Geen groeps gesprekke/gemorspos nie.

## JEUGLERAAR

Ds. Hanno Ackerman het die beroep as jeugleraar aanvaar. Sy indiensneming is 1 April 2019. Hy sal tydens die oggenddiens van 7 April aan die gemeente bekend gestel word en by die jeugdiens (18:00) bevestig word.

## KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2&3: Grootaal

Graad 4: Bover trek

Graad 5&6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Grootaal

Graad 9: Jeuglokaal

Graad 10: Kerk

Graad 11: Kleinsaal

## WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

Ons nooi alle vroue en dogters na die wêreldbiddag vir vroue op Donderdag 28 Februarie om 19:00 in die kapel.

Prediker:

Ds. René Potgieter

## **BYBELSKOOL**

Die Bybelskool hervat weer op Maandag 18 Februarie om 19:00 in die kleinsaal. Inskrywings vir die Bybelskool het ongelukkig reeds gesluit.

## **STELLENBERG-KOSPROJEK**

Dra asseblief by tot ons gemeente se kosprojek. Bydraes van niebederfbare produkte, of kontantbydraes, is baie welkom.

Elektroniese inbetalings kan gedoen word na: NG Kerk Stellenberg, ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

Gebruik KOSPROJEK as verwysing. Vanuit die kosprojek word 30 gesinne in die gemeente en die omliggende omgewing, wat finansiële nood beleef, ondersteun.

## **WOLSKENKINGS**

Die breigroep is reeds hard aan die werk om weer serpe en musse vir die Junie-uitreike te brei, maar hulle wolvoorraad is skrap.

Skenk asb. wol, enige kleur of soort is welkom. Met een bol wol kan hulle 'n kinderserp brei. Gee asb. bydraes by die kerkkantoor af, of laat in die voorportaal van die kerk, in die wolmandjie onder die trap.

## **VATVYF**

Ons het op Woensdag 20 Feb. om 10:00 'n byeenkoms in die kleinsaal. Willem Bamberger – bonsaiboer (met meer as 500 bonsaiboempies) kom deel sy kundigheid oor die kweek en versorging van die boempies. Geen bespreking nodig nie.

## **TIENDEMAANDINSAMELING**

Ons is opreg dankbaar vir elke lidmaat wat al tot ons tiende-maandinsameling bygedra het. Die insameling staan tans op

**R 1 411 970.** Bydraes kan nog tot einde Februarie inbetaal word: NG Kerk Stellenberg, ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik TIENDEMAAND as verwysing.

## **EDELWEISS BYBELSTUDIE**

Donderdag 21 Februarie  
om 15:00 en 15:45

1 Johannes 4:1-21

Liefde is die enigste  
maatstaf waaraan kinders  
van God gemeet word . . .

## **EDELWEISS HUISBYEENKOMS**

Sondag 24 Februarie  
18:00

Kies jy vrees, of  
kies jy vertroue?

Numeri 13 & 14

## **ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE**

Ons wil graag die maandelikse gemeentekoerant *Stellenberger* asook die weeklikse bulletin elektronies aan lidmate versprei. Indien jy nog nie nuus elektronies ontvang nie, stuur asb. 'n e-pos aan  
sanel@stellenberg.co.za.

## **ONTVANG DIE BULLETIN OP WHATSAPP**

Jy kan die bulletin op jou slimfoon ontvang deur jou selffoonnommer aan Sanël by 083 611 4720 te stuur.

## **BESOEK AAN VOSBURG**

Die Vosburg-komitee beoog om Vosburg-gemeente vanaf 26 tot 28 April te besoek. Lidmate word uitgenooi om saam te gaan en die heerlikse plattelandse gasvryheid eerstehands te beleef. Ons woon Vosburg se kerkbasaar by, asook die erediens op die Sondag.

Kontak Christine Ferreira by 083 440 2086 of christineferreira68@gmail.com vir verdere besonderhede.

## **RAAK BETROKKE**

- **Eredienerswerkers:** Ons benodig helpers by alle eredienste. Kontak Odette by [odette@stellenberg.co.za](mailto:odette@stellenberg.co.za) of 021 976 4519 om jou hulp aan te bied.
- **Kafeteria:** Diensspanne is ongeveer twee keer per kwartaal vanaf 09:30 tot 11:00 aan diens. Jy hoef nie skottelgoed te was nie. Kontak Lindy, [lindy@stellenberg.co.za](mailto:lindy@stellenberg.co.za) of 021 976 4519.
- **Teetuin:** Gratis tee en koffie word op 'n selfhelpbasis bedien, maar geen eetgoed nie. Kontak Lindy by [lindy@stellenberg.co.za](mailto:lindy@stellenberg.co.za) of 021 976 4519 om hulp aan te bied.
- **Sekuriteit:** Indien jy bereid is om op aflosbasis behulpsaam te wees met die oppas van motors tydens eredienste, kontak asb. vir Lindy by [lindy@stellenberg.co.za](mailto:lindy@stellenberg.co.za) of 021 976 4519.
- **Omgeekombuis:** Lidmate wat bereid is om een Donderdagoggend per maand in die grootsaalkombuis kos te kook vir mense in nood, kontak asb. vir Lindy by [lindy@stellenberg.co.za](mailto:lindy@stellenberg.co.za) of 021 976 4519.

## **VAKATURE STELLENBERG-GEMEENTE**

Gemeentebestuurder (Permanente kontrak, 08:00 tot 15:00).

Dit is 'n bestuurspos en die ideale kandidaat beskik oor 'n naskoolse kwalifikasie, die vermoë om 'n span te lei en te motiveer, asook om probleemareas te identifiseer en op te los.

Ervaring van personeel- en fasiliteitebestuur is noodsaaklik.

Aansoek: 'n CV met drie verwysings moet per e-pos aan Marguerite Bester, [marguerite@stellenberg.co.za](mailto:marguerite@stellenberg.co.za), gestuur word.

Sluitingsdatum: 22 Februarie 2019.

## **BREIGROEP**

Ons kom weer op Maandag 4 Maart om 09:30 in die markplein bymekaar.

## **NUWE LIDMATE**

Indien jy nuut by die gemeente ingeskakel het, kontak ons asseblief. Ons wil jou graag persoonlik ontmoet. Jy kan na die oggenddiens by die inligtingstoonbank aanmeld, of stuur 'n e-pos aan [odette@stellenberg.co.za](mailto:odette@stellenberg.co.za), of skakel die kerkkantoor by 021 976 4519.

## **STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM**

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 tot 12:00 by 021 976 8029 gemaak word.